

Woensdag 22 Julie

Skrifgedeelte: Psalm 75:1-11

Fokusgedeelte: Psalm 75:3, 4 (1933/53-vertaling)

Die Here vestig die fondasie

Telkens hoor ons in die Skrif hoe die Here se lof besing word omdat Hy 'n vesting is, 'n rots wat altyd vas bly staan, onbeweeglik, onveranderlik ... alles menslike voorbeelde en persepsies van betroubaarheid en 'n onwankelbare sekerheid.

In Psalm 75 hoor ons hoe God die mens in 'n sekere sin wys op sy kortsigtige en gebroke persepsie van standvastigheid. Die Here is nie maar alleen die standvastige onbeweeglike rots nie, die Here is die Skepper van daardie onbeweeglike rots, nog meer Hy "het die pilare (van die aarde) vasgestel". Al sou die hele aarde en elke mens wankel ... onthou: die Here jou God het die fondasie van die aarde gevestig.

Dit mag dalk soms voel dat ons "wêreld", ons lewe geruk word, asof dinge rondom ons wankelig is. Ja, selfs geregtigheid, die "waarheid" wat daar in hierdie wêreld te vind is, is wankelig en onseker. Die verwaandheid en arrogansie waarmee goddelose mense standpunt inneem asof hulle misdade geregverdig is, laat mens soms wonder ...

Maar die Here spreek en sê op sy tyd sal Hy regverdig oordeel. Jy, gelowige, onthou net, al wankel die aarde, selfs al bewe die fondasie onder jou, die Here het daardie fondasie gelê, dit sal nie onder jou ineenstort nie. So het die Here die fondasie onder jou gelê, jou verkwik en kom vestig in sy regverdige oordeel, ons fondasie kom vestig in die vryspraak van ons Here Jesus Christus.

Ons sekerheid is nie gefundeer in die regverdigheid van die wêreld of die sekerheid wat ons of enige mens kan vestig nie, maar alleen die sekerheid wat ons vind in die Naam van ons Verlosser en Here.

Sing: Psalm 75-1:1, 2, 4

Ds. AJ Dednam (Anton) (Bergsig)